



Laerskool Jan Celliers Musiekdepartement

Verlag 2016

Laerskool Jan Celliers is 'n Privaat Laerskool in Parkview, Johannesburg. Die skool het 430 leerlinge van Graad 1 tot Graad 7 waarvan 240 leerlinge individuele instrumentale onderrig by die skool ontvang. Die Musiekdepartement bestaan uit 5 voltydse en 8 deeltydse musiekonderwysers wat die volgende instrumente onderrig: klavier, klawerbord, blokfluit, viool, tjello, fluit, klarinet, kitaar en trom. Die leerlinge het die geleentheid om aan verskeie groepsaktiwiteite soos orkes, vier blokfluit-ensembles, 'n fluit- en fife ensemble, 'n 'Rock band' en Orff- en Marimba-orkes deel te neem.

Musiekleerlinge word vir Unisa-, ABRSM- óf Trinity Musiekeksamens ingeskryf. Daar is jaarliks leerlinge wat na die Hubert van der Spuy-, die Philip Moore- en Atterbury Musiekkompetisies deurdring. In 2016 dring vyf leerlinge van Jan Celliers deur na die Hubert van der Spuy finale rondte en tien leerlinge se name verskyn op die Unisa Eerol.

'n Musiekbeurs word jaarliks aan 'n leerling van die skool toegeken. Die kompetisie staan as die "Zanta Hofmeyr Beurskompetisie" bekend. Enige Graad 3 tot 6 leerling mag deelneem. Die beoordelaars vir 2016 was Wessel van Wyk en Zanta Hofmeyr.

Die skool het ook 'n Junior en Senior Koor. Kore neem aan kunswedstryde, koorfeeste, ATKV Applous en "Sing in Harmonie" Koorkompetisies deel en sing in verskeie kerke.

Belangrike funksies op die Jan Celliers Musiekkalender:

1. Die Musiekonderwyserskonsert

Die Musiekonderwysers gee jaarliks 'n konsert in die skoolsaal. Die doel van hierdie geleentheid is hoofsaaklik om ouers en leerlinge aan die regte konsertetiket en die vernuf van die musiekonderwysers bloot te stel.

2. Middagkonserte

Gedurende die jaar bied die musiekdepartement ses middagkonserte aan. Middagkonserte skep die geleentheid vir elke leerling om in 'n gemaklike omgewing voor hulle maats, ouers en onderwysers op te tree. Daar was in 2016 ongeveer 200 leerlinge wat aan die konserte deelgeneem het. Een konsert word spesiaal aan die ensembles en orkeste toegewy.

3. Interskole Musiekaand

Jan Celliers bied jaarliks vir die afgelope 18 jaar 'n Interskole Musiekaand aan. Ensembles en orkeste van omliggende skole word uitgenooi om deel te neem. In 2016 het 180 musiekleerlinge ons skool besoek en saam musiek gemaak! Die aand is ten bate van die Hillbrow Community Music Centre wat op vrywillige basis musiekonderrig aan die minderbevoorregte kinders in Hillbrow en omgewing bied.

4. Simposiums

Die doel van hierdie Simposiums wat by Jan Celliers aangebied word, is om ons leerlinge en onderwysers aan wêreldbekende musici bloot te stel deur middel van lesings en meestersklasse. Klem

val op inspirasie en die genot van deelname. Onderwysers kom op hoogte van nuwe metodes en tendense in musiekpedagogiek. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om nuwe musiekonderwysers te ontmoet, idees uit te ruil en nuwe inspirasie vir onderrig te kry.

Klaviersimposium:

In 2016 is Jan Celliers se vyfde Klaviersimposium aangebied. Dr. Bryan Wallick, 'n Amerikaanse uitvoerende pianis en klaviersdosent by Universiteit van Pretoria, het die simposium met 'n baie insiggewende lesing oor oefenmetodes vir pianiste afgeskop. Dr. Mario Nell, 'n bekende klavierpedagoog en dosent aan die Konservatorium in Stellenbosch, het hierna 'n lesing aangebied oor hoe onderwysers repertorium vir klavierstudente moet kies. Iman Bulbulia, 'n leerling van Dr. Mario Nell wat al nasionaal sowel as internasionaal erkenning verwerf het, het 'n uitvoering gelewer. Die klaviersimposium is deur meestersklasse deur beide Dr. Wallick en Dr. Nell afgesluit.

Blokfluitsimposium:

Die internasionale blokfluitspeler Stefan Temmingh het in 2016 die eerste Jan Celliers Blokfluitsimposium met 'n lesing en meestersklasse geopen. Meer as 50 onderwysers landswyd het hierdie geleentheid bygewoon. Stefan se lesing het oor die verandering van die blokfluit in die laaste paar jare gegaan en hoe hy die nuwe bou van die blokfluit ervaar waarop hy nou konserte gee en opnames maak. Tydens die Meestersklasse het Stefan blokfluittegnieke en musikale aspekte van blokfluitspel aan studente van graad 4 tot op universiteitsvlak bespreek en toegepas.

5. Toonleerkompetisie

Die doel van die interne Jan Celliers toonleerkompetisie is om leerlinge op 'n positiewe manier aan te moedig om hulle toonlere te oefen ter voorbereiding vir hul eksamens en om hulle algehele tegniese ontwikkeling 'n hupstoot te gee. Leerlinge ding in graadverband teen mekaar mee. Elke graadwenner het 'n kontantprys ontvang en die naaswenners 'n sak deur Edumusic geborg.

6. Blokfluit Concerto Fees

Die Blokfluit Concerto Fees is 'n jaarlikse instelling by Jan Celliers. Enige blokfluitspeler landswyd is welkom om 'n oudisies af te lê. Elke deelnemer speel een beweging uit 'n Concerto saam met 'n Kamerorkes. Op 29 Oktober 2016 het Jan Celliers 'n tweede Blokfluit Concerto Fees gehou en twaalf blokfluitspelers is gekies om deel te neem.

7. Jan Celliers Musiekkunswedstryd en Prysvennerskonsert

Die Jan Celliers Kunswedstryd is een van die gewildste in die streek weens die goeie organisasie, positiewe atmosfeer, kindervriendelike terugvoer en hoë standaard. Leerlinge van verskeie skole in Gauteng neem aan hierdie kunswedstryd deel. 2016 was die sestiende herdenking van die Jan Celliers Musiekkunswedstryd en meer as 800 inskrywings is ontvang. Afdelings waarin deelgeneem word is Klavier en Klawerbord, Strykers, Blasers, Blokfluit, Kitaar en Ensemble/Orkes. Die bekwame beoordelaars vir 2016 was Trudie van Wyk en Gisela Scriba vir die klaviere, Johanna Roos vir die strykers, Annelie Hoberg vir die blasers, Victoria Meyer vir die blokfluite en Arnaud van Vliet vir die kitare. 'n Prysvennerskonsert, die Prestige Musiekaand, word na afloop van die kunswedstryd aangebied waar al die onderskeie wenners van afdelings 'n item lewer en hulle trofee ontvang.
